516

17/86

Saak Nr 255/84.
MC

DOROTHY MORABE

- en -

DIE STAAT

JANSEN AR.

Saak Nr 255/84
M C

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

DOROTHY MORABE ................ Appellante

en

DIE STAAT .................. Respondent

Coram: JANSEN, TRENGOVE ARR et CILLIé Wn AR.

Verhoor: 19 September 1985.

Gelewer: 25 Februarie 1986.

---

5

U I T S P R A A K.

JANSEN /........

JANSEN AR:-

Die appellante en ene dr Khoza, 'n homeopaat, is saam as beskuldigdes 2 en 3 onderskeidelik ingevolge die bepalings van Wet 41 van 1971 in die Streekhof Kaapstad van onwettige handeldryf in metakoloon (900 Mandrax tablette) aangekla; Khoza is on= skuldig bevind maar die appellante wel skuldig soos aangekla. Sy is tot 6 jaar gevangenisstraf gevonnis. 'n Appèl na die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling het gedeeltelik geslaag: die skuldigbevinding is bekragtig maar haar vonnis is tot 5 jaar versag. Die hof het haar ook verlof verleen om in hoër beroep na hierdie Afdeling te kom en het haar borgtog hangende die appèl verleng.

Dit blyk dat die appellante en Khoza die aand van 25 November 1981 met 'n vlug vanaf Jan Smuts lughawe op D F Malan lughawe aangekom het en vandaar met 'n huurmotor na die Capetonian Hotel gegaan het. In die

hotel / ........

hotel het hulle suite no 1019 op die 10de verdieping betrek. Die suite het bestaan uit 'n ingangsportaal, 'n hoofslaapkamer met twee bedde, 'n kleiner kamer met een bed, en 'n badkamer. Elkeen van die vertrekke word bereik deur 'n afsonderlike deur vanuit die portaal en die portaal self het 'n buitedeur waardeur toegang verleen word vanaf die gang wat verby die hyser loop. Die appellante en Khoza het hulle in die hoofslaapkamer gevestig.

Hulle het onder verdenking gestaan dat hulle Mandrax na Kaapstad bring en hulle is deur lede van die Suid-Afrikaanse Narkotiese Buro (SANAB) beide op Jan Smuts en D F Malan, en ook deurgaans daarna, dopgehou. (Van SANAB het egter slegs speurder-adjudant-offisier Fouche en speurder-sersant Slabbert by die verhoor getuig:

eg oor die verloop van sake by Jan Smuts lughawe en 1g oor die gebeure na die appellante en Khoza se aankoms aan die Kaap.) Op D F Malan het Slabbert, vergesel van speurder-adjudant-offisier Van der Merwe en speurder-sersant Rossouw, die appellante en Khoza ingewag. Hulle het die verdagtes gevolg na die hotel en aldaar het hulle die suite deur die nag dopgehou.

Die volgende oggend om 7h30 is 'n telefoonoproep gemaak vanuit die suite na 'n nommer in Mitchellsplein; blykbaar die nommer van 'n mnr Brown. 'n Ruk later het 'n kleurlingvrou, Farieda Daniels, by die suite opgedaag, ongeveer 'n half uur daar vertoef en toe weer vertrek. Slabbert, vermom as 'n tapytinstalleerder, het saam met haar in die hyser na onder gery. Sy het geloop na 'n

wagtende motor met 'n bestuurder en sy het ingeklim. Van der Merwe en 'n sersant Du Toit wat albei onder in die pad gestaan het, en ook Slabbert wat hom by hulle aangesluit het, het haar tot by die motor gevolg. Sy is gevra wat sy gesoek het en sy het gesê dat sy by iemand kom kuier het. Daarop het Van der Merwe haar gearresteer. Slabbert self is terug na die suite op die 10de verdieping. Slabbert was bewus daarvan dat die deur gesluit was en dat 'n ketting die deur ook van binne beveilig het. Hy het mnr Gilles, die bestuurder van die hotel, gekry om die deur oop te sluit; en die ketting het hy gebreek deur die deur met geweld oop te skop. Die doel was om die verdagtes te betrap voordat hulle van iets inkriminerend ontslae kon raak en

dit kan aanvaar word dat Slabbert ingestorm het en saam met hom drie of vier ander polisiebeamptes. Hulle het die twee verdagtes in die hoofslaapkamer aangetref. Khoza was slegs in 'n onderbroekie en kamerjapon geklee. Hy en die appellante is gevisenteer en die suite is deeglik deurgesoek. Slabbert self "het al die beddens die lakens afgehaal die kussingslope afgehaal en die bed opgelig om onder die bed in te kyk". Selfs die matrasse is van die bedde afgelig. Niks inkriminerend is egter gevind nie. Nogtans het Slabbert die appellante en Khoza gearresteer en hulle na die polisiekantoor geneem. Die suite is gesluit en Slabbert beweer dat hy vir Gilles gesê het om niemand in te laat nie.

By die polisiekantoor het dit geblyk dat onder

die / ..........

die sitplek van die motor waarin Farieda Daniels geklim het 'n pakkie gevind is met 100 tablette wat na Mandrax gelyk het. Rossouw het van haar 'n verklaring geneem. Slabbert het die appellante en Khoza ongeveer 2 uur lank by die polisiekantoor gehou. Daarna het hy hulle en Farieda Daniels na die hotel teruggeneem. Rossouw was saam en ook ander polisiebeamptes. In die suite het Farieda Daniels die kleiner slaapkamer uitgewys en 'n "rapport" aan Slabbert gemaak. Dié kamer is toe weer deurgesoek. Die basisstuk van die bed was aan die onderkant met 'n plastiekvel oorgetrek. Op 'n plek was die vel los en toe Rossouw sy arm daar insteek vind hy 'n plastieksakkie. Binne die sakkie was daar twee verdere sakkies, elk met pille in wat na Mandrax gelyk het. Altesaam was daar 900 pille. Volgens Slabbert het hy op

'n latere / ........

'n latere stadium 4 van die pille vir ontleding gestuur, nl 2 uit elke sakkie. Die ontleding het bevestig dat die 4 pille metakoloon bevat het. Wat betref die 100 pille wat gevind is in die motor waarin Farieda Daniels gery het, is egter geen getuienis van ontleding voorgelê nie.

Die grondslag van die Staat se saak teen die appellante en Khoza was hoofsaaklik dat 900 tablette Mandrax in hulle hotel-suite gevind was. Hierbenewens het die Staat ook Farieda Daniels as getuie geroep. Sy het getuig dat sy deur haar man gestuur is om Mandrax by die appellante en Khoza te gaan haal, dat toe sy daar aankom Khoza in die badkamer was, dat sy ontvang is deur die appellante, dat hulle na die hoofslaapkamer gegaan

het / .........

het, dat sy (die getuie) in die kamer gebly het terwyl die appellante uitgegaan het na die kleiner kamer dat die appellante later met die pakkie Mandrax teruggekom het en dat die appellante die pakkie aan haar oorhandig het. Dit is opmerklik dat Farieda Daniels beweer dat toe die appellante weer haar verskyning maak, Khoza saam met haar ingekom het en dat hy toe ten volle geklee was. Dit is ook opvallend dat plek-plek Farieda sê dat "hulle" die pakkie aan haar gegee het. Khoza self het getuig. Hy het o a alle wete van die 900 pille ontken, asook dat hy hoegenaamd die betrokke oggend vir Farieda Daniels gesien het. Hy was in die badkamer en volgens hom het hy nooit sy verskyning gemaak nie. Ook ontken hy dat die appellante enige Mandrax sonder sy

wete by haar kon gehad het. Die appellante self het nie getuig nie.

Die landdros het Farieda Daniels se relaas dat die appellante haar die 100 pille gegee het, aanvaar. Hy besien haar wel as 'n medepligtige wat in sekere opsigte gebrekkige getuienis lewer maar aan die ander kant heg hy deurslaggewende waarde aan die feit dat die appellante self nie weersprekende getuienis afgelê het nie en dat Farieda Daniels ten tyde van die appellante se verhoor reeds vanweë besit van die 100 pille skuldig bevind en gevonnis was (tot 5 jaar). Hy meld ook dat "die getuienis van Farieda Daniels deur ander Staatsgetuies en in sekere opsigte beskuldigde no 3 self bevestig word". Van die feit dat volgens Farieda Daniels die appellante die 100 pille in die kleiner slaapkamer gaan haal het en dat

kort daarna die ander 900 pille deur die polisie daar gevind is, lei die landdros af dat die appellante geweet het van die 900 pille. 'n Soortgelyke afleiding geld nie wat Khoza betref nie en daarom word hy onskuldig bevind. Dit volg dat die landdros nie Farieda Daniëls se getuienis aanvaar het dat Khoza saam met die appellante verskyn het nie.

Die hoeksteen van die skuldigbevinding deur die landdros bly dus steeds die vind van die 900 pille in die klein slaapkamer. Die appellante se prokureur het dan ook aangevoer dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat die 900 pille "geplant" was. Reeds die getuienis vir die Staat het die opening vir hierdie betoog gebied. Slabbert het erken dat toe hy teruggegaan het na die

hotelsuite, saam met die appellante, Khoza en Farieda Daniels, onder andere hy gevind het dat die bedde intussen aan die kant gemaak was, met ander woorde dat ander persone intussen tot die suite toegang gehad het. In 'n stadium tydens die kruisondervraging van Slabbert het die appellante se prokureur die hof meegedeel dat die beskuldigdes sou sê dat hulle inligting het dat die polisie twee of drie keer terug na die hotel was terwyl die beskuldigdes by die polisiekantoor aangehou is en voordat almal weer na die suite terug is. Dit is ver= moedelik na aanleiding hiervan dat die Staat toe ook twee werknemers van die hotel, naamlik Agnes Johnson en Cynthia Afrika, as getuies geroep het. Johnson was die toesig= houdster vir die 9de en 10de verdiepings; Afrika 'n skoonmaakster. Hulle het getuig oor die aan-die-kant-maak

van suite 1019 op die betrokke dag. Op grond van sekere aspekte van hul getuienis tydens kruisondervraging sou wel betoog kon word dat daar aanduidings is dat die polisie daardie oggend die suite meer as twee keer besoek het. In hierdie verband is die getuienis van Agnes Johnson miskien die belangrikste. Sy vertel dat sy en Cynthia Afrika die betrokke suite aan die kant gemaak het toe die inwoners al klaar uit die kamer was. Dan bevestig sy dat hulle weer 'n tweede keer na die suite gegaan het. Die volgende passasie in haar getuienis onder kruisver= hoor is veral ter sake.

> "Hoekom het julle die tweede keer gegaan na die kamer toe? --- Die tweede keer het ek vir mnr Slabbert en vir mnr Gilles die deur loop oopsluit, toe sê mnr Gilles hulle sal nie lank wees nie, maar netso gou as hulle uit is, dan moet ek weer die kamerdeur kom toesluit, die tweede keer.

So, / ........

So, mnr Slabbert en mnr Gilles was alleen daarso? --- Ja, ek het vir hulle die deur oopgesluit, vir mnr Slabbert en mnr Gilles.

Hulle was alleen daarso? --- Ja, meneer.

Die beskuldigdes was nie daar nie? --- Nee, hulle was nie daar nie.

En jy het die deur vir die twee van hulle, net die twee van hulle? --- Ja, dit was net mnr Slabbert en mnr Gilles.

En net mnr Gilles? --- Ja.

En jy het die deur oopgemaak vir hulle? --- Ja, ek het die deur oop - mnr Gilles het my gevra om gou die deur oop te sluit vir hulle.

Dit is van 1019? ---Ja, 1019.

En toe gaan hulle in? --- Ja.

Op daardie stadium het jy al klaar die plek vir die eerste keer aan die kant gemaak? --- Vir die eerste keer aan die kant gemaak.

Die beddens gemaak ensovoorts? --- Ja.

En terwyl hulle in was, het jy die deur toegemaak of wat? ---Nee, dit was nie gesluit nie, ek het net toegetrek.

Toe gaan hulle in? --- Ja.

En na dit, toe hulle uitkom, het jy gesien dat hulle weer uitkom? --- Ja, meneer.

Beide van hulle? --- Ja, het uitgekom.

En wat het mnr Gilles toe vir jou gesê? --- Nee, ek het gewag dat hulle uitkom dat ek net die kamer - ek het geweet ek moet die kamer loop skoonmaak.

Jy het ... --- mnr Gilles het vir my gesê

hulle / ..........

hulle gaan nie lank wees nie, ek moet net weer die kamer kom op-touch.

Op-touch? --- Skoonmaak, ja.

Weer aan die kant plaas? --- Ja.

En toe mnr Gilles en mnr Slabbert uitkom, het jy die plek aan die kant gemaak? --- Toe gaan haal ek vir Cynthia om die plek weer aan die kant te kom maak.

............................

.............................

En toe mnr Gilles en mnr Slabbert in die kamer ingaan, was dit net die twee van hulle? --- Ja, daar was niemand in die kamer nie.

Daar was niemand in die kamer nie en daar was niemand buite nie? --- Nee, ek het niemand gesien buitekant nie.

En dit was die twee van hulle wat alleen in die kamer was? --- Ja, ek het net die deur oopgesluit.

En hulle het binnegegaan, mnr Gilles en mnr Slabbert, dit is die speurder wat hier sit langs die aanklaer? --- Ja.

En hulle was alleen in die kamer gewees? --- Ja.

Terwyl die deur toegemaak was? --- Ja, meneer.

En hulle het toe alleen uitgekom, die twee van hulle? --- Ja."

Dit is duidelik dat die insident deur Agnes Johnson

beskryf/........

beskryf hoegenaamd nie te rym is met enige van die twee besoeke aan die suite waarvan Slabbert getuig het nie. Agnes Johnson meld ook dat Cynthia Afrika later by haar gekla het omdat sy later nog 'n keer die kamer moes aan die kant maak.

Blykbaar het die appellante se prokureur voor die landdros ook daarop staatgemaak dat Khoza getuig het dat hy en die appellante persoonlik op Jan Smuts gevisenteer is en dat hulle bagasie deurgesoek is. As dit wel plaasge= vind het sou dit miskien moeilik verklaarbaar wees hoe die appellante die volgende oggend in besit van 1000 tablette kon gewees het. Die landdros het egter hierdie getuienis van Khoza verwerp en dié van Fouche aanvaar. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat geen visentering of deur= soeking op Jan Smuts plaasgevind het nie.

Die landdros het die moontlikheid dat die pille geplant was, verwerp. Vir hom was dit deurslaggewend dat daar geen visentering of deursoeking op Jan Smuts plaasgevind het nie. Dit is egter opvallend dat die landdros wat betref die moontlikheid dat die pille geplant was, hoegenaamd nie na die getuienis van Agnes Johnson en Cynthia Afrika verwys nie en vermoedelik het hy dit ook nie in aanmerking geneem nie.

Op appèl in die hof *a quo* is namens die appellante die moontlikheid dat die tablette geplant was weer geopper. Die keer oorweeg die hof wel die getuienis van Agnes Johnson en Cynthia Afrika en die hof sê die volgende :-

> "Dit is nie aan sersant Slabbert gestel dat mev Johnson sê hy was alleen daar nie. Wat wel opmerksaam is is dat die getuie Johnson sê dat onmiddellik na sersant Slabbert en mnr Gilles daar by haar gewees het soos sy

sê / .........

sê met die tweede besoek sê sy dat die polisie toe vir haar gesê het sy sal 'n verklaring moet kom aflê.

Dit is nie verstaanbaar waarom die polisie vir haar sal sê sy moet 'n verklaring kom aflê as die polisie inderdaad daar gewees het om die pille te kom plant nie. Mnr Gilles wat oor die besoeke kon getuig is nie geroep nie. Ek meen dat dit onwaarskynlik is dat die polisie die Mandrax pille geplant het en dit meer waarskynlik is dat die kamerbediendes onder hulle kruisverhoor 'n fout gemaak het veral wanneer Johnson sê dat daar nie ander persone by was nie met sersant Slabbert en mnr Gilles se besoek."

Dit kan die appellante kwalik verwyt word dat mev Johnson se getuienis nie aan Slabbert gestel is nie of dat Gilles nie as getuie geroep is nie. In 'n stadium nadat Slabbert getuienis afgelê het, het die Staat self vir Agnes Johnson en Cynthia Afrika as getuies geroep. Die appellante se prokureur het wel vir Slabbert gevra of hulle na die suite teruggegaan het alvorens hulle die appellante en Khoza

daarheen vanaf die polisiekantoor teruggeneem het. Slabbert het dit ten sterkste ontken. Die kritiek deur die hof a quo op Agnes Johnson na aanleiding daarvan dat sy in haar getuienis meld dat die polisie vir haar gesê het sy moet 'n verklaring kom aflê, rus klaarblyklik op 'n misverstand. Die aanleiding tot hierdie aanmerking van die hof a quo moet die volgende passasie in Agnes Johnson se getuienis wees:-

> "Het die speurder ooit met jou gepraat? --- Nee.
> Daardie dag? --- Nee, niks met my gepraat nie.
> Het hy op enige ander dag gepraat oor die feit dat hy teruggekom het na die kamer toe? --- Hy het die dag met ons gepraat wat hy gesê het ons sal miskien sal ons verskyn op die hof wat hy nou die statement kom vat het.
> Het hy nog iets vir jou gesê? ---Gesê?
> Ja? --- Nee, meneer.
> Het jy 'n verklaring gemaak? --- Wat mnr Slabbert self gemaak het, 'n verklaring."

Die getuie sê nie hier dat sy op die dag van die onder=

hawige gebeure aangesê is dat sy miskien 'n verklaring sal moet maak nie. Sy verwys na 'n latere dag, moontlik toe die Staat oorweeg het om haar as getuie te roep na aanleiding van wat tydens die verhoor te berde gekom het. Verder is dit moeilik om in te sien dat sy 'n fout kon maak oor die insident waar Slabbert en Gilles die suite ingegaan het. Haar beskrywing hiervan is so verskillend van die twee gevalle waarvan Slabbert getuig dat verwarring by haar haas ondenkbaar is.

Die eerste geleentheid waarvan Slabbert praat is toe hy die deur oopgeskop het en ingestorm het vergesel van ander lede van die polisie, op 'n tydstip toe die appellante en Khoza nog in die hoofslaapkamer was. Op die tweede geleentheid was Slabbert vergesel van die appellante, Khoza, Daniels, Rossouw en ook ander lede

van die polisie. Agnes Johnson kon die aanwesigheid van al hierdie mense kwalik nie raakgesien het nie of hul aanwesigheid vergeet het nie.

Dit wil voorkom of die landdros fouteer het deur die getuienis van Agnes Johnson nie te oorweeg nie en die hof *a quo* ook deur haar getuienis as 'n vergissing af te maak. Op die keper beskou, kom sy voor 'n geloof= waardige getuie te wees. Tussen haar en Slabbert is daar 'n direkte teenspraak. Haar getuienis kom daarop neer dat daar 'n geleentheid was toe net hy en Gilles saam die suite binnegegaan het. Slabbert ontken dat hy ooit die suite binnegegaan het behalwe op die twee geleenthede toe daar meerdere mense saam met hom was. Hierdie teenspraak kan nie op die getuienis opgelos word nie. Dit is opvallend dat die Staat nie vir Gilles geroep het

om te getuig nie en dat die Staat ook nie laat blyk het dat hy nie beskikbaar was nie. Die teenspraak kan nie anders as om sterk twyfel op Slabbert se geloofwaar= digheid en motiewe te werp nie. As hy valslik ontken dat hy weer na die suite gaan kyk het, ontstaan die vraag waarom hy dit ontken. So ontstaan daar vrugbare teelaarde vir suggestie dat die pille moontlik geplant was.

Verder is Slabbert se hantering van die 900 pille nadat hy daarop op 26 November 1981 in die suite beslaggelê het, glad nie gerusstellend nie. Volgens regulasie moes hy dit laat opsluit in die "Kaptein" se brandkluis en dit aanteken in die SA 13-register. Dit het hy aanvanklik nie gedoen nie. Volgens hom het hy die pille in sy persoonlike sluitkas ("locker") op kantoor gehou. Op 8 Januarie 1982 het hy 4 pille

uitgehaal en vir ontleding gestuur. Eers op 20 Januarie 1982 het hy die nodige inskrywing in die SAP 13 gedoen en die orige pille oorhandig vir bewaring in die brandkluis. Die beskrywing wat Slabbert aanvanklik aan die hof gegee het van hoe die pille daar uitgesien het, het die indruk gewek dat hulle "one siders" was, dit wil sê met slegs die letters "MR" aan die een kant terwyl die pille wat aan die hof getoon was, blykbaar "two siders" was, dit wil sê met ook op die keersy die letters "RL". Die appellante se prokureur was besig om Slabbert hieroor te kruisondervra en om o a aan hom te suggereer dat "two siders" kleiner as "one siders" is toe die hof verdaag het. By die hervatting van die verhoor 'n paar maande later was die pille nie meer voor die hof nie en Slabbert het verduidelik dat hy die pille na Pretoria versend het

ingevolge 'n algemene instruksie van hoofkantoor dat alle pille daarheen gestuur moet word. Sy verduideliking waarom hy dit gedoen het terwyl die pille pertinent voor die hof in 'n lopende geding was, was dat hy gemeen het dat die kruisondervraging oor die pille voltooi was. Dit klink nie baie oortuigend uit die mond van 'n ervare polisieman nie. Ook sy verduideliking dat hy die regu=lasies nie nagekom het wat die bewaring en inskrywing van die pille betref, naamlik dat hy versuim het vanweë die druk van werk, is nie heeltemal oortuigend nie en toon minstens 'n sweem van ongeduld met wat hy moontlik as amptelike rompslomp beskou het.

Die onopgeklaarde teenspraak tussen Slabbert en Agnes Johnson skep onsekerheid oor die vind van die pille. Hierdie onsekerheid word nie verwyder deur die getuienis van Farieda Daniels nie. Soos reeds genoem,

het / ..........

het die landdros haar getuienis oor 'n belangrike aspek nie aanvaar nie, nl haar implikasie van Khoza by die beweerde lewering van die pakkie pille aan haar deur die appellante. En hierin was die landdros ten volle gereg=verdig. Farieda Daniels se getuienis bv dat Khoza op daardie tydstip ten volle geklee was, is hoegenaamd nie te rym met die ander getuienis, veral dié van Slabbert self nie. Haar implikasie van die appellante is gevolglik dan ook verdag. Dit is onnodig om al die fynere aspekte van die kritiek op haar getuienis te noem. Daar kan volstaan word deur uit te wys dat die feit dat sy reeds skuldig bevind en gestraf was t o v die 100 tablette wat in die motor gevind was, toe sy getuienis afgelê het, nie noemenswaardig die risiko verminder het dat sy 'n valse aantyging kon maak nie. Sy het klaarblyklik na haar

arrestasie die herkoms van die pille aan die appellante en Khoza toegeskryf en sy moes daarby bly. Ook die feit dat die appellante kxxx nie vanuit die getuiebank Farieda Daniels weerspreek het nie, weeg minder swaar in die lig daarvan dat Khoza getuig het en dat hy Farieda Daniels op 'n wesenlike aspek weerspreek het.

In die lig van al die omstandighede moet daar 'n redelike twyfel bestaan of die appellante wel skuldig is aan die misdaad haar ten laste gelê.

Die appèl word gehandhaaf en die skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.

E.L. JANSEN AR.

TRENGOVE AR)
Stem saam.
CILLIé Wn AR)